KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**<u>TEENWOORDIG</u>**

**<u>LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD</u>**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh A de Vries | [DA] | - | Speaker |
| Rdh EB Manuel | [DA] | - | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd Me SM Crafford | [DA] | - | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl MA Wessels | [DA] | | |
| Rdh JJ Josephus | [DA] | | |
| Rdl J Daniels | [DA] | | |
| Rdl AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl Me A Small | [DA] | | |
| Rdh J Swart | [ANC] | | |
| Rdl Me SS Lesch | [ANC] | | |
| Rdd Me SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl SR Claassen | [ANC] | | |

**<u>AMPTENARE</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Me A Van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling (waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste) |
| Me AG Louw | - | Bestuurder: Menslike Hulpbronne |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me CC Cloete | - | Senior Tikster |
| Me RR Fillis | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**RVN012/10/2016**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Raadsdame Crafford open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

***

**RVN013/10/2016**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Direkteur Korporatiewe Dienste – verskoning (ander munisipale verpligtinge)

***

**RVN014/10/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda het nie.

***

**RVN015/10/2016**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 SEPTEMBER 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Raadsvergadering gehou op Dinsdag 27 September 2016 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (R FILLIS)***

***

**RVN016/10/2016**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP MAANDAG 03 OKTOBER 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Maandag 03 Oktober 2016 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (R FILLIS)***

***

**RVN017/10/2016**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOER VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADS-VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 SEPTEMBER 2016 EN MAANDAG 03 OKTOBER 2016**
**3/3/2/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en meld dat 'n brief aan die kantoor van die Wes-Kaapse Minister van Plaaslike Regering gerig is om hul van die besluit te verwittig. Enige terugvoer wat ontvang word, sal aan die Raad gekommunikeer word.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN018/10/2016**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 27 SEPTEMBER 2016: RVN009/09/2016: VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder bevestig die onderskeie datums soos gekommunikeer met die Speaker.

- Dat 'n werkswinkel rakende Menslike Hulpbronbeleide op Woensdag 30 November 2016 plaasvind; en
- Dat 'n werkswinkel rakende Delegasies en Artikel 53 roluitklarings sal plaasvind op Maandag 07 November 2016.

Die Speaker versoek ook dat alle raadslede voorbereid moet kom.

***

**RVN019/10/2016**
**TWEEDE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES: DINSDAG 27 SEPTEMBER 2016: RVN022/09/2016: HERNUWING VAN DIE DIENSKONTRAK VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER (P.)**

Die ANC-koukus verneem of die Uitvoerende Burgemeester die vakbonde in kennis gestel het aangaande die hernuwing van die dienskontrak van die Munisipale Bestuurder.

Die Uitvoerende Burgemeester lig die vergadering in dat hy die vakbonde se Voorsitters persoonlik ingelig het rakende die aangeleentheid.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN020/10/2016**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

**LIEF EN LEED**

- Direkteur Finansiële Dienste het op 13 Oktober 2016 verjaar;
- Raadslid Lesch het op 23 Oktober 2016 verjaar;
- Raadsdame Crafford verjaar op 09 November 2016;
- Me Crazentia Strauss by Piketberg Biblioteek het op 17 Oktober 2016 'n drieling ryker geword naamlik; twee dogtertjies en 'n seuntjie; en
- Mnr Shane Lesch het op 24 Oktober 2016 'n seuntjie ryker geword.

***

**RVN021/10/2016**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN022/10/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN023/10/2016**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WYKSGEBASEERDE VERGADERINGS**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en noem dat sewe wyksgebaseerde gemeenskapsvergaderings plaasgevind het vanaf 17-26 Oktober 2016 en dat sektorale leiers vergaderings beplan word vir Piketberg op Donderdag 27 Oktober 2016 en Velddrif op Vrydag 28 Oktober 2016 vanaf 09:00 tot 13:00.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN024/10/2016**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: RAAD SE STRATEGIESE SESSIES**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lig die vergadering in dat die strategiese sessie vir alle Raadslede op Woensdag 23 November 2016 sal plaasvind; en dat amptelike uitnodigings uitgestuur sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN025/10/2016**
**PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 2015 TOT 30 JUNIE 2016**
**4/7/6**

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN026/10/2016**
**MONTHLY & QUARTERLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2016**
**9/1/2**

The Financial Director gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLVED**

That the Council note the Monthly & Quarterly Budget Statement and supporting documentation for August 2016.

***

**RVN027/10/2016**
**PELICAN BEACH RESORT**
**17/7/4/1**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

Dat die item terug verwys word na die Burgemeesterskomitee vir oorweging.

***

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

**RVN028/10/2016**
**OORSKRYDING OOREENKOMS: GEDEELTE VAN PAD RESERWE BUITEKANTSTRAAT. GRENSEND AAN ERF 1704 PIKETBERG PB 1704**
**15/3/8**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee ‘n kort agtergrond.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

Dat die aansoek om oorskryding van ‘n gedeelte van Buitekantstraat se padreserwe met ±87.5m² deur die eienaar van Erf 1704 Piketberg goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. die gedeelte padreserwe bly die eiendom van Bergrivier Munisipaliteit;
2. die gedeelte padreserwe mag slegs omhein word met ‘n verwyderbare omheining (geen permanente strukture / grensmuur mag opgerig word nie);
3. die eienaar van Erf 1704 Piketberg sal aanspreeklik gehou word vir die herstelkostes van enige dienste wat op die gedeelte voorkom, sou dit deur sy/haar gebruik van die gedeelte padreserwe beskadig word;
4. die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik wees vir die betaling van vergoeding aan die eienaar van Erf 1704 Piketberg, wat weens herstelwerk aan dienste aan enige omheining, plante, ens. aangerig word, nie; en

5. die eienaar van Erf 1704 Piketberg is verantwoordelik om dit aan enige opvolger in titel skriftelik in die koopkontrak te bevestig dat die betrokke gedeelte nie deel van die eiendom is wat verkoop word nie.

***

**RVN029/10/2016**
**<u>ALIENATION OF A PORTION OF ERF 792, LAAIPLEK ADJACENT TO ERF2858, LAAIPLEK.</u>**
**15/3/8**

Raadsheer van Rooy gave a brief summary of the item.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by the Council.</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the proposed portion of Erf 792, Laaiplek (31m² in extent), is not required to provide the minimum level of basic municipal services;
2. That Bergrivier Municipality's Council's intention to alienate a portion of Erf 792, Laaiplek 31m² in extent, be advertised for 14days for public comment/representation, and if no objections are received against the proposed alienation, proceed with point number 3;
3. Amendment of the common boundary between Erf 2858, Laaiplek and Erf 792, Laaiplek, in terms of section 24.(1)(c) of Bergrivier Municipality's By-Law relating to Municipal Land Use Planning;
4. That the applicant pay all costs involved in amendment of the common boundary e.g. surveying of all land portions, Surveyor-General fees, transfer and registration of all land portions, etc.; and
5. That the applicant pay an amount of R1000 VAT included.

***

**RVN030/10/2016**
**<u>VORDERINGSVERSLAG: OPRIGTING VAN E - SENTRUMS VIR EENDEKUIL EN NOORDHOEK</u>**
**15/3/8**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in en gee 'n kort agtergrond en bevestig dat E-sentrums alreeds in Noordhoek en Eendekuil opgerig is. Bergrivier Munisipaliteit betaal slegs vir die gebou en elektrisiteit.

Die raadslede versoek dat daar 'n spesiale openingsgeleentheid gehou word.

Raadsheer Swart stel voor dat na die sekuriteit van rekenaars en geboue gekyk moet word en dat Porterville ook op die lys geplaas word vir die vestiging van E-sentrums.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN031/10/2016**
**VERTEENWOORDIGERS OP BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE**
**3/2/2**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

1. Dat die aangehegte lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede bekragtig word; en
2. Dat die betrokke amptenaar die buiteliggaam skriftelik in kennis stel van sy/haar verteenwoordiging namens die Raad by hul vergaderings.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN032/10/2016**
**DIE SAMESTELLING EN IMPLEMENTERING VAN "LOCAL DRUG ACTION COMMITTEES" BINNE DIE BERGRIVIER MUNISIPALE AREA**
**3/2/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in en gee kortliks agtergrond ter inligting en meld dat by 'n volgende raadsvergadering 'n meer gedetailleerde prosesplan voorgelê sal word.

Die Uitvoerende Burgemeester vra dat almal betrokke raak en dat alle raadslede getoets moet word as 'n voorbeeld vir die gemeenskappe.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN033/10/2016**
**VERKIESING EN OPLEIDING VAN WYKSKOMITEES**
**3/2/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in met 'n kort opsomming en meld die suksesvolle wykskomitee werkswinkels wat op Saterdag 15 Oktober 2016 plaasgevind het.

Die Speaker bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste en haar span vir goeie werk en dienslewering en meld ook dat die wykskomitees 'n beleid moet opstel wat deur Raad oorweeg kan word.

**KENNIS GENEEM**

***BESTUURDER STRATEGIESE DIENSTE EN SPEAKER***

***

**RVN034/10/2016**
**SLUITING VAN KANTOOR VIR JAAREINDE 2016**
**2/4**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in vir finale goedkeuring.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

1. Dat die kantore (ingesluit die Biblioteke) binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit sluit vanaf 28 – 30 Desember 2016;
2. Dat die volgende Munisipale dienste **nie sluit nie** en soos volg gelewer sal word op 28 – 30 Desember 2016 vanaf **07:30 tot 13:00**:
   a. Alle kassiere sal oop wees en eers om 12:00 afsluit;
   b. Alle verkeersinbetalings gedoen word tot 12:00;
   c. Dat bystandsdiens gelewer word vir die volgende dienste: rampbestuur, water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit;
3. Dat vullisverwydering en verkeersdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volle diens in alle strandoorde gelewer word;
4. Dat alle werknemers (uitgesluit die werksaam in bogenoemde dienste (par 2 en 3)) toegelaat word om vrywillig verlof in te sit van 28 – 30 Desember 2016. Die wat nie verlof het nie of nie wil insit nie, sal werk; en
5. Dat hierdie besluit gekommunikeer word met die publiek so gou as moontlik.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***en***

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN035/10/2016**
**HERSIENING VAN ORGANOGRAM**
**4/1/1/B**
**('*n Vervangende verslag word ter tafel gelê*)**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Voorsitter meld dat die Burgemeesterskomitee vergadering van Dinsdag 13 Desember 2016 verskuif word na Donderdag 08 Desember 2016 om 15:00.

Die Speaker noem dat daar geen raadsvergaderings vanaf Vrydag 16 Desember 2016 tot Dinsdag 17 Januarie 2017 sal plaasvind nie.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

1. Dat die Raad kennis neem van die prosesplan vir implementering van die organogram; en
2. Dat die Raad geen vergaderings sal bywoon tussen Vrydag 16 Desember 2016 tot Dinsdag 17 Januarie 2017.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN036/10/2016**
**2015/16 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 1 APRIL – 30 JUNE 2016 SUBMITTED IN TERMS O F SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**5/1/2**

The Manager Strategic Services gives a short background to the item.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by the Council.**

**RESOLVED**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (1 April 2016 to 30 June 2016) be noted;

2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and

3. That It be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2016.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN037/10/2016**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 13 SEPTEMBER 2016**
**1/4/1**

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN038/10/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME 2016**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN039/10/2016**
**AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**RVN040/10/2016**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:25***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

________________________ _________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

***